



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2019

GRAAD 8 – VRAESTEL

BESTEK	
<i>Ou Testament</i>	<i>Ester 5-8</i>
<i>Nuwe Testament</i>	<i>1 Pet. 1-4</i>
<i>Les</i>	<i>Les 1 – 9</i>

Afdeling A – Ester 5-8

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Op die hoeveelste dag het Ester haar koninklik aangetrek en in die binneste voorhof teenoor die koning gaan staan? (Ester 5:1)
a) Derde dag b) Sondag c) vierde dag d) kersdag
- 1.2 Ester se versoek aan die koning was: (Ester 5:8):
a) Die koning en Haman word na 'n maaltyd uitgenooi wat sy voorberei het
b) Sy vra dat Haman in die tronk gesit word
c) Sy vra dat die koning vir Mordegai moet uitnooi na 'n maaltyd wat hy laat voorberei het
d) Sy vra dat Haman nie verder vir haar kwaad sal wees nie
- 1.3 Bigtana en Teres was twee hofdiensers van koning Ahasveros. Wat wou hulle met die koning doen? (Ester 6:2)
a) Die hand aan die koning slaan b) Die koning uitnooi vir 'n ete
b) Die koning dronk maak d) Die koning laat lag
- 1.4 Haman se vrou was (Ester 6:13):
a) Vasti b) Ester c) Seres d) Miriam
- 1.5 Ester se versoek aan die koning tydens die maaltyd, was: (Ester 7:3)
a) Om haar en haar volk se lewe te spaar b) Om Mordegai op te hang
c) Om 'n galg te bou d) Om wyn saammet haar te drink
- 1.6 Wie is deur Ester uitgewys as die vyand van die volk? (Ester 7:6)
a) Mordegai b) Haman c) Ahasveros d) Vasti
- 1.7 Wat was Haman se straf? (Ester 7:10)
a) Hy is doodgeskiet b) Hy is opgehang c) Hy het 'n pak slae gekry d) Hy is gestenig
- 1.8 Wat het die koning aan Mordegai gegee? (Ester 8:2)
a) nuwe skoene b) sy seëlring c) 'n Perd d) 'n wa en osse
- 1.9 Watter aanstelling het Mordegai van Ester ontvang? (Ester 8:2)
a) onderkoning b) die koning se lyfwag c) hoof oor die huis van Haman d) kok

1.10 Wie was Haman se pa? (Ester 8:5)

- a) Harbona b) Mordegai c) Hammedata d) koning Dawid

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

gedenkskrif, woede, treurig, Mordegai, oë, genade, goue septer, kronieke, bedekte hoof, hand

- 2.1 Ester versoek die koning: As ek ____**A**____ gevind het in die ____**B**____ van die koning (Ester 5:8)
2.2 Haman was met ____**C**____ vervul teen Mordegai (Ester 5:9)
2.3 Toe die koning nie kon slaap nie, het hy versoek dat die ____**D**____, dit is die ____**E**____ na hom gebring moes word. (Ester 6:1)
2.4 Nadat Haman vir Mordegai deur die strate begelei het, het hy teruggegaan huis toe ____**F**____ en met 'n ____**G**____ (Ester 6:12)
2.5 Hulle het Haman opgehang aan die galg wat hy vir ____**H**____ opgerig het (Ester 7:10)
2.6 Toe Ester die koning wou spreek, het hy die ____**I**____ na haar uitgesteek (Ester 8:4)
2.7 Haman het sy ____**J**____ teen die Jode uitgesteek (Ester 8:7)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Ester was nie die koningin nie (Ester 5:3)
3.2 Haman was 'n goeie man (Ester 7:6)
3.3 Mordegai is aangestel oor die huis van Haman (Ester 8:7)
3.4 Haman se galg was 50 el hoog (Ester 5:14)
3.5 Na die maaltyd was die koning woedend vir Haman (Ester 7:7)
3.6 Haman het geweier om op die koning se bevel aan Mordegai eer te bewys (Ester 6:11)
3.7 Haman was 'n Agagiet (Ester 8:5)
3.8 Die koning was bereid om selfs die helfte van sy koninkryk vir Ester te gee (Ester 5:3)
3.9 Haman het sy vrou en sy vriende genooi en hulle vertel van sy armoede en dat hy nie kinders gehad het nie (Ester 5:11)
3.10 Haman het gedink dat die koning aan hom wou eer bewys (Ester 6:6)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op jou antwoordstel:

- 4.1 Wat wou Haman met die galg maak? (Ester 5:14)
4.2 Wat was Ester se versoek oor haar en haar volk se lewe aan die koning tydens die maaltyd? (Ester 7:3)
4.3 Watter eerbewyse het Haman aan die koning voorgestel vir iemand aan wie die koning eer wou bewys? Noem een. (Ester 6:8)

- 4.4 Uit watter geslag was Mordegai? (Ester 6:13)
- 4.5 Wie moes almal na die maaltyd kom wat Ester berei het? (Ester 5:8)

35 Punte

Afdeling B – 1 Petrus 1-4

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Wie skenk aan ons die Wedergeboorte? (1Pet. 1:3)
a) God die Vader b) Die Here Jesus Christus c) die Heilige Gees d) Ons self
- 5.2 Waardeur is die gelowige losgekoop? (1Pet. 1:18,19)
a) Deur goud en silwer b) Deur die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus
c) Verganklike dinge d) Uit verganklike saad
- 5.3 Hoe moet gelowiges se lewenswandel wees?(1Pet. 1:15,16)
a) Heilig b) gehoorsaam c) soet d) lelik
- 5.4 Die steen wat deur die bouers verwerp is, het 'n _____geword (1Pet 2:7)
a) sluitsteen b) baksteen c) hoeksteen d) rotssteen
- 5.5 Hou julle lewenswandel onder die heidene _____ (1Pet. 2:12)
a) rein b) heilig c) skoon d) wedergebore
- 5.6 Julle was soos _____ maar nou het julle teruggekeer na die Herder (1Pet. 2:25)
a) verlorenes b) verdwaaldes c) dwalende skape d) skip sonder anker
- 5.7 Vroue moet aan hulle _____ onderdanig wees (1Pet. 3:1)
a) eie mans b) kinders c) ouers d) predikante
- 5.8 Moenie kwaad met _____ vergeld nie(1Pet. 3:9)
a) skelwoorde b) seen c) bedrog d) kwaad
- 5.9 Leef volgens die _____ (1Pet. 4:2)
a) gewete b) ouers se opdragte c) wil van God d) dominee se preek
- 5.10 Wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy sy siel aan die _____ toevertrou (1Pet. 4:19)
a) Sy vriende b) Skepper c) die dokter d) die predikant

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

apostel, gebed, voorbeeld, ewigheid, heilig, gely, Jesus Christus, uitverkore, priesterdom, regverdiges

- 6.1 Petrus, 'n _____ **A** _____ van _____ **B** _____ (1Pet. 1:1)
- 6.2 Die Woord van die Here bly tot in _____ **C** _____ (1Pet. 1:25)

- 6.3 Wees heilig, want Ek is _____ **D** _____ (1Pet. 1:16)
- 6.4 Julle is 'n _____ **E** _____ geslag, 'n koninklike
_____ **F** _____ (1Pet. 2:9)
- 6.5 Christus het vir julle _____ **G** _____ en vir julle 'n _____ **H** _____
nagelaat (1Pet. 2:21)
- 6.6 Die oë van die Here is op die _____ **I** _____ en Sy ore tot hulle
_____ **J** _____ (1Pet. 3:12)

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Wees altyd bereid om verantwoording te doen van diegene wat van julle rekenskap
eis (1Pet. 3:15)
- 7.2 Liefde bedek geen sonde nie (1Pet.4:8)
- 7.3 In die tyd wat oor is moet ons volgens die wil van God leef (1Pet. 4:2)
- 7.4 Julle moet mekaar liefhê en gasvry teenoor mekaar wees en baie murmureer(1Pet.
4:8,9)
- 7.5 Die doop is die teëbeeld van die sondvloed (1Pet. 3:20,21)
- 7.6 Manne hoef nie verstandig met hulle vroue saam te leef nie (1Pet. 3:7)
- 7.7 Ons hoef nie menslike wette te gehoorsaam nie (1Pet. 2:13)
- 7.8 Alle boosheid en bedrog en geveinsdheid en afguns en kwaadpraterij moet gelos
word (1Pet. 2:1)
- 7.9 Die eindoeel van ons geloof is nie die saligheid van ons siele nie (1Pet. 1:9)
- 7.10 Die Here Jesus Christus het uit die dood opgestaan (1Pet. 1:3)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op jou antwoordstel:**

- 8.1 Aan wie skryf Petrus die brief? (1Pet. 1:1)
- 8.2 Het enige gelowige Christus al gesien? (1Pet. 1:8)
- 8.3 Het Christus sonde gedoen? (1Pet. 2:22)
- 8.4 Waar begin die oordeel van God? (1Pet. 4:17)
- 8.5 Is daar aanneming van die persoon by God? (1Pet. 1:17)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Die Gereformeerde Belydenisskrifte word ook die Drie Formuliere van Eenheid
genoem (Les 1)

- 9.2 Die belydenisskrifte sê niks meer as wat die Bybel leer nie (Les 1)
- 9.3 Jesus het met Sy bloed gedeeltelik betaal (Les 2)
- 9.4 Die Heilige Gees verseker my dat ek kind van God is (Les 2)
- 9.5 Vier dinge is nodig vir my om te weet sodat ek salig kan lewe en sterwe (Les 3)
- 9.6 Sonde beteken om ongehoorsaam aan God te wees (Les 4)
- 9.7 God het die mens sondig geskape (Les 5)
- 9.8 Die mens is nie oorspronklik so geskape dat hy die Wet kan onderhou nie (Les 7)
- 9.9 Ons aanvaar die Belydenisskrifte omdat hulle met die Heilige Skrif ooreenstem (Les 8)
- 9.10 Een mens kan nie 'n ander van sonde verlos nie (Les 9)

Vraag 10 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Barmhartig, besondere, dankbaarheid, Woord van God, regverdig, Heilige Gees, bedorwe, Wet van God, tugmeester, waaragtige en regverdige

- 10.1 In die Belydenisskrifte sê ons wat ons vir die waarheid hou volgens die _____ **A** _____ (Les 1)
- 10.2 Die Heidelbergse Kategismus is een van ons _____ **B** _____ belydenisskrifte. (Les 1)
- 10.3 Die _____ **C** _____ beheer die lewe van die Verbondskind (Les 2)
- 10.4 Die Kategismus is in drie hoofde verdeel: sonde, verlossing en _____ **D** _____ (Les 3)
- 10.5 Ek ken my sonde uit die _____ **E** _____ (Les 4)
- 10.6 Ons is so _____ **F** _____ dat ons heeltemaal onbekwaam is tot enige goed (Les 6)
- 10.7 God is nie net _____ **G** _____ nie, Hy is ook _____ **H** _____ (Les 7)
- 10.8 Die Wet is ons _____ **I** _____ na Christus toe (Les 8)
- 10.9 Ons Middelaar moet _____ **J** _____ mens wees, tergelykertyd ook waaragtige God. (Les 9)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Noem 2 Belydenisskrifte (Les 1) (2)
- 11.2 Hoe kan ek van my sonde en ellende verlos word? (Les 3)
- 11.3 Erfsonde onderskei tussen _____ en _____ (Les 5) (2)
- 11.4 Word alle mense gered soos hulle in Adam verlore gegaan het? (Les 7)
- 11.5 Noem die drie vorme van dood as straf op die sonde? (Les 7) (3)
- 11.6 Iemand wat Hom bekeer, dra _____ wat by die bekering pas (Les 3).

30 Punte

Totaal: 100 Punte